**Bellville-Oos**
GEREFORMEERDE KERK

**13 September 2026**

***Met die Here, vir mekaar en uit na die wêreld!***

# Die Boodskapper

**Kantoor: 082 712 4629 (ook op Whatsapp) /** admin@gkbo.org.za

## Oggenderediens (9:00) : Ds Reynold Fourie

**Gebed**
**Voorafsang:** Lied 169: 1,2,3
**Votum en Groetseën**
**Sing:** Ps. 99: 1,2,4 (Cloete)
**Geloofsbelydenis: Sing:** Sb.12-3: 1,2,3
**Sondebelydenis:** vlgs Rom. 3 en 6
**Gebed:** Lied 231: 1,2,3

**Skriflesing: Jes. 6: 1-13**
***Fokustyd 1: God, mekaar, wêreld***
***Tema:*** *Geheilig, geroep, gestuur*
**Gebed**
**Liefdegawe**
**Sing:** Sb. 1-2: 1,2,3
**Uitstuurseën**

## English Service (16:30) : Ds Tshidiso Moletsane

**Greetings**
**Song:** Ps. 122: 1-4
**Prayer**
**Songs**
**The Apostle Creed**
**The Ten Commandments: Matt 22: 34-40**

**Scripture Reading:** Col. 1: 15-20
**Theme:** *The Discipline of Discovery*
**Prayer**
**Songs**
**Closing Prayer**
**Doxology for the Blessing**

## Aanderediens (18:00) : Ds Brahm Robinson

**Votum en Seën**
**Sing:** Ps. 147: 1,2, en 5 (Totius)

**Gebed**
**Sing:** Sb. 11-2: 1 en 4

**Tema:** ***Die huisgesin as verbondseenheid***
**Gebed**
**Sing:** Lied 290: 1-4
**Uitstuurseën**
**Sing:** Lied 287:4

# Waarvoor kan ons bid?

- Dat ons as gemeente sal verstaan wat God se Heiligheid beteken.
- Dat ons ons lewens so sal aanpas by wat die Bybel leer: "Wees heilig want Ek is heilig"
- Dat ons gemeente "ontkampers" sal wees, en nie agv sekere sake in die kerk mense in kampe sit en veroordeel nie.
- Dat die Here in al ons kerkplant-pogings, ons die pad sal wys.

**Chri-sante:** **Panorama en Louis Leipoldt:** Misha van Wyk: 084 899 5676

**Alle Hospitale**: Cornelia Jansen / **Cape Gate**: Ida v Dolderen

**WEBTUISTE:** https://www.gkbo.org

| | | |
|---|---|---|
| **Ds Brahm Robinson**: | 064 656 1374 | brahmrobinson@gmail.com |
| **Ds Jaco Linde** | 062 552 5492 | lindejaco@gmail.com |
| **Kerkkantoor/whatsapp**: | 082 712 4629 | admin@gkbo.org.za |
| **Kassier:** | 083 659 1301 | kassier@gkbo.org.za |

**KOLLEKTES: VANDAG :** Diakonale Kas en Bolandse Bedieningsfonds
**Sondag 20 September :** Diakonale Kas en Emeritaatsfonds

| | **VANDAG:** | **Sondag 20 September:** |
|---|---|---|
| **Orrel:** | Anna-Marie Alkema | Bart v Milligen/Carike Baker/Nel |
| **Projektor:** | Jenny Wendt | Wim Gevers |
| **Teeskink:** | GF19; GF20; TY3 en VR3 | GF21; GF22;GF24; VR2 en VR4 |

**KERKRAAD DIENSBEURT: VANDAG:** Herman Kruger en Adriaan Scheeres
**Sondag 20 September**: Arnold en Esma Pretorius

**DAGBOEK 13 September tot 20 September**

| | | | |
|---|---|---|---|
| VANDAG | Gebedsgeleentheid | Gebedskamer | 8:30 |
| Di 15/09 | Griefshare sessie 5 | GKBO konsistorie | 9:30 |
| Woe 16/09 | Admin Vergadering | GKBO | 09:00 |
| So 20/09 | Lofsangdiens | GKBO | 18:00 |

**BYBELSTUDIES**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Ma 14/09 | Bybelstudie - aand | GKBO Voorportaal | 19:00 |
| Wo 16/09 | Bybelstudie - oggend | GKBO Klein saal | 10:00 |
| Do 17/09 | Studente Bybelstudie | By Jaco Linde | 19:30 |
| Do 17/09 | Weskus Bybelstudie | By Cornelia Jansen | 18:45 |
| Vry 18/09 | Hoërskool Bybelstudie | GKB0 | 18:00 |

## Van die Kerkraadstafel:

## Fokustyd 2026: God, mekaar, die wêreld

Ons het verlede week begin met ‘n nuwe reeks waar ons in diepte fokus op ons gemeente se roepingstelling naamlik *God, mekaar, die wêreld*. Dit is ’n tyd waarin ons weer die kernbeginsels van hierdie roepingstelling gaan vaslê en opnuut fokus op die Here se roeping vir ons hier in Bellville-Oos. Fokustyd is daar om ons aan te moedig om deur middel van huisgodsdiens, Persoonlike- en Groepsbybelstudie, weeklikse dagstukkies en gefokusde preke tot ’n dieper indruk van ons gemeente se roeping te kom en sodoende te groei in ons vehouding met Hom en mekaar.

Hoe lyk die formaat van Fokustyd?

- Verlede Sondag was ons inleidingspreek na die Fokustyd met die eerste tema wat per whatsapp en epos uitgestuur is. (Alle temas sal ook op die webtuiste gelaai word om weer deur te werk of te gebruik as Bybelstudie / Groepsbesprekings by Geloofsfamilie byeenkomste. (https://www.gkbo.org/aflaai/Fokustyd )
- Maandagoggende is daar 'n inleiding tot die week se tema
- Tesame met die week se tema word daar Bybelgedeeltes vir verdere studie op die gemeente se Whatsapp-groep deurgegee. Hierdie gedeeltes sal by die weeklikse Bybelstudies en Geloofsfamilies behandel word. Daar is ook die opsie om dit te gebruik in persoonlike Bybelstudie, maar ons wil julle aanmoedig om ten minste in hierdie tyd by 'n Bybelstudiegroep/Geloofsfamilie te probeer aansluit. Indien daar nie een is wat inval in die tyd wat jy beskikbaar het nie, is daar niks wat jou keer om nog 'n geloofsfamilie te begin nie.

(Indien jy nog nie op die gemeente se Whatsapp groep is nie, stuur 'n Whatsapp na die kerkkantoor (082 712 4629) of gebruik die volgende skakel: https://chat.whatsapp.com/EYzxKzkVq7LIg02GtRv1dq om aan te sluit.)

- Daar sal ook wenke wees van hoe om hierdie gedeelte met jou kinders te bespreek sodat hulle ook ingesluit word by hierdie studietyd.
- Vrae wat uit die Bybelstudies opkom kan dan gerus aan die predikante gestuur word en dit sal so goed as moontlik in die preke beantwoord word.

| Datums | Tema | Predikant |
|---|---|---|
| 1. 7-13 September | **God is heilig** | Reynold |
| 2. 14-20 September | **God is lief** | Reinder |
| 3. 21-27 September | **Aan mekaar verbind** | Jaco |
| 4. 12-18 Oktober | **Daar vir mekaar** | Brahm |
| 5. 19-25 Oktober | **Die kerk in die stad** | Jaco |
| 6. 26- Oktober | **Die kerk in die wêreld** | Brahm |

## Ons groet:

Vertrek met Bewys van Lidmaatskap:

Na NG Kerk Sonstraal: Herman en Su-Anrie Aucamp met dooplidmate Herman, Henri en Marais

Na NG Kerk Welgemoed: Hendrikjan en Mareli Mosca met dooplidmate Markus, Jalienka, Estian en Imme.

Na Ewige Lig gemeente, Durbanville: Reino en Anelle de Lange met dooplidmate Daneel en Liebe

Ons bid julle die Here se seën toe in julle nuwe gemeentes.

## Griefshare

Komende Dinsdag word **sessie 5** van die derde Griefshare program aangebied. Dit vind plaas in die GKBO konsistorie om 9:30. Belangstellendes kan vir Reinder kontak op 084 827 2443.

# Lidmaatsake/Nuus

## Meelewing:

- **Kobie Fouché** was 'n paar dae in Panorama Medikliniek opgeneem vir behandeling. Ons is dankbaar dat sy weer tuis is by Huis Boland. Ons bid haar ook 'n mooi herstel toe.
- **Liané Opperman** is hierdie week weer in die PICU van Christiaan Barnard Hospitaal opgeneem. Sy is tans weer op 'n ventilator om haar asemhaling te help en word intensief behandel vir 'n longinfeksie. Ons wil graag die Oppermans verseker van ons volgehoue voorbidding vir hierdie kleine mensie asook vir Tiaan en Chanté en hulle familie wat swaar beproef word. Die Here se genade sal elke dag vir julle genoeg wees! Mag julle dit ook so ervaar.
- **Lita Snyman** het Vrydag 'n skoueroperasie ondergaan. Ons bid dat die operasie 'n sukses sal wees en dat jy die volle gebruik van jou arm sal terugkry!
- **Guillaume Uys** is weer terug in die Intensiewe Sorgeenheid nadat hy vir 'n dag ontslaan was na 'n hartaanval. Ons bid dat sy behandeling spoedige beterskap sal gee.
- **Andries van der Walt** het ook behandeling ondergaan. Hy gaan die 22ste September vir skanderings vir verdere beplannings. Ons bid dat sy behandelings geseënd sal wees met 'n positiewe uitkoms.

### Dankie gemeente...



Vir die Meelewing en Ondersteuning met die onlangse afsterwe van my Pa, Ben Bruwer van Loxton.
Die pragtige bos blomme was vir my 'n spesiale simbool van omgee. Ek het my bos blomme al die pad saamgery Karoo toe...julle was op so manier saam met my in hierdie moeilike tyd.
Ons moet nooit die krag van uitreik na ons broers en susters onderskat nie.
Seënwense. Marietjie van Biljon

Van Buys & Le Roux familie

Aan al ons familie, vriende en mede-gelowiges, sê ons baie dankie vir al julle ondersteuning, gebede, opofferings, medelye en etes tydens ons Mammie, Ouma en Ouma-Groot, Joan Le Roux, se kort siekte en afsterwe. Dit het vir ons geweldig baie beteken om soveel liefde van almal te ontvang – ons kan dit nie in woorde uitdruk nie.

Baie dankie ook vir die blomme wat sy tydens haar siekte asook wat ons as familie ontvang het na haar afsterwe. Mag ons Hemelse Vader julle almal seën waar julle ookal mag wees.
Marlene Buys en kinders

# Vrolike Veterane

### Die Veterane en die Ossewa

**Br. George Thom** het 'n kenner van die ossewa raakgeloop wat vir ons wil kom vertel van die interessanthede van die vervoermiddel uit ons geskiedenis.  Koos Maree is 'n kenner van die voertuig wat soveel jare lank die middelpunt van ons land se transportbedyf was. Koos bou ook miniatuur ossewaens.
Hy kom ons DV op **Maandag 14  September** by die kerk vertel van die ossewa, sy geskiedenis, en hoe hy gebou word. *Weet jy wat 'n lunsriem is?*
**Datum**: 14 September   :  **Plek:** By die kerk  :   **Tyd:** 9:30.

# Koekies vir Koningskinders



Ons herinner net weer ons oupa's en ouma's om groot asseblief vir ons Koningskinders koekies te skenk vir die opkomende Koningskinderskamp.

**Die kamp begin op 23 September**, en ons vra dat die bakkers/baksters hulle bederfies voor of op **Sondag 20 September** in die kombuis sal afgee. Merk asseblief u houers duidelik deur *Koningskinders* daarop te skryf. Indien u graag u houer wil terughê, merk asseblief die houer ook duidelik met u naam en van. Dit sal weer na die kamp in die kombuis gelaat word.

# Kan jy help?

Bid jy graag?  Kan jy planne maak?  Is jy goed met geld?  Werk jy graag met mense? Geniet jy dit dalk om kinders te begelei?  Kan jy projekbestuur?  Is dit vir jou lekker om fondse in te samel, met ander oor Jesus te gesels, of verhoudings te bou?

---

Daar is tans 'n hele paar ***Charitas*** projekte in Goliath Estate, maar die nood is groot en ons kort die gemeente se hulp om hulle op 'n volhoubare manier aan die gang te hou en – as dit Sy wil is – uit te brei.


### Neem asseblief 'n oomblik om die Charitas behoeftes in gebed na God te bring:

- Charitas span – ons wil graag die span vergroot en benodig spesifiek:
  - Iemand om met die jaarlikse **finansiële oudit** te help
  - 'n Mens of groep wat 'n eenmalige **fondsinsamelingprojek** kan bedryf
  - Nog mense wat wil **saam dink en bid** oor hoe om ons mandaat so goed moontlik uit te leef
- Die tutorprogram – ons benodig hier:
  - Nog mense wat in die middae met tutoring kan help, verkieslik op 'n gereelde basis (1 x 'n week vir 60-90 minute op 'n slag)
  - 'n Toesluitkas om al ons skryfbehoeftes ens veilig te hou aangesien meer as een groep die lokaal waar ons dit hou gebruik
- Vervoerprojek – dit beloop tans sowat R10,000 'n maand en ons benodig bydraes of borge om die bedrag by te bring

### Kontak ons gerus as die Here dit op jou hart lê om betrokke te raak!

In Sy diens:  Die Charitas span

## Mediateek




***Sonneblomme & Sneeu in Oekraïne***

**'n Outobiografie deur Michele Potgieter.**

**Ockert en Michele Potgieter verhuis na die val van die ystergordyn na die dorpie Reni in die Oekraïne.**

**Hulle werk meer as twintig jaar lank onder die plaaslike gemeenskap, beleef moeilike omstandighede, noue ontkomings met die mafia, KGB-agtervolging en verraad.**

**Dan sterf Ockert tydens die Covid-19-pandemie op 'n besoek aan Suid-Afrika. Michele staan voor die swaar keuse om in Suid-Afrika by haar mense te bly of terug te keer na Oekraïne waar oorlog dreig.**

**'n Aangrypende verhaal van verraad, maar ook van liefde vir God, vir die mense van die Oekraïne, en die liefde tussen Michele, Ockert en hul kinders.**

## Verjaarsdae



Hartlike gelukwense aan al ons lidmate wat hierdie week verjaar, in besonder **Cornelis Amoraal, George Thom, Janine Kruger, Lukas van der Walt, Fanie Kruger, Mariet Aucamp, Alta Loubser en Lorraine Visser.** Mag julle almal 'n mooi dag en baie geseënde nuwe lewensjaar van die Here ontvang.

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **VANDAG** | **13/09** | **CORNELIS** | **AMORAAL** | **GF01** |
| | | **GEORGE** | **THOM** | **GF16** |
| **Ma** | **14/09** | **JANINE** | **KRUGER** | **GF20** |
| **Di** | **15/09** | LANéL | VAN DEN BERG | GF30 |
| | | **LUKAS** | **VAN DER WALT** | **BR1** |
| Woe | 16/09 | ERIK | BUENK | GF35 |
| | | CHLOË | PIO | ST3 |
| | | PETRUS | VORSTER | GF23 |
| **Don** | **17/09** | RUDOLF | HENNING | BL2 |
| | | **FANIE** | **KRUGER** | **BR2** |
| | | DIVAN | VENTER | BR3 |
| **Vry** | **18/09** | **MARIET** | **AUCAMP** | **OA1** |
| | | ARIAN | VENTER | GF29 |
| **Sat** | **19/09** | MARLU | FOURIE | GF29 |
| | | **ALTA** | **LOUBSER** | **GF14** |
| | | MANDIE | VAN SCHOOR | KU1 |
| | | **LORRAINE** | **VISSER** | **KE2** |

**Daar is 'n amazing geleentheid, en slegs beperkte hoeveelheid mense kan genooi word!!! Indien die volgende jou beskryf, kwalifiseer jy om vir 5 dae op 'n groot avontuur te gaan.**

- Jy 'n Christen en will Jesus Christus se reddings genade met ander deel. ☐
- Jy is 'n student/ jong werkende ☐
- Jy is beskikbaar 1-6 Desember 2026 ☐
- Jy hou daarvan om met tieners te werk ☐
- Jy is 'n lekker mens ☐
- Jy will in jou geloof groei ☐
- Jy hou van speel, kamp, stap, see en eet ☐

**Indien jy 7 reg merkies het- geluk!! Jy word genooi om die jaar 'n groepleier te wees by die Boland kamp. Die kamp is in Bettiesbaai. Om in te skryf as 'n groepleier of vir meer inligting oor die avontuur kontak gerus vir Zea Duffy (076 301 4911)**



DOPPIES

## God as die gelowige se Vader

In ’n wêreld vol onsekerheid en gebrokenheid, is daar een groot troos en waarheid in die evangelie wat ons kan bevry: Ons mag God “ons Vader” noem. Hierdie klink sommer eenvoudig, maar het ’n baie dieper betekenis vir ons. En, die beste is dat dit nie iets is wat ons verdien nie. Nee, ons ontvang dit uit God se genade. Dit is God se genadige openbaring in die Here Jesus Christus, en die werk van die Heilige Gees in ons harte.

## God se vaderskap is nie vanselfsprekend nie

Die Skrif leer ons duidelik dat nie alle mense God as Vader ken nie. In die sin van skepping is God inderdaad die oorsprong van alles wat bestaan (Handelinge 17:28). Maar, in die sin van genadige en verlossende vaderskap, is Hy slegs die Vader van dié wat aan Christus behoort. Hier word ’n onderskeid gemaak tussen God, die Vader van die skepping, en die besonderse vaderskap wat ons van God ontvang as die Vader, ons Verlosser. Dit is ’n belangrike onderskeid in die Bybelse verstaan van die evangelie.
Deur die sondeval het die mens homself van God vervreem. Die mens is na die sondeval geestelik dood, blind en vyandig teenoor God. Romeine 3:10-12 maak dit duidelik dat niemand God van nature soek nie. Sonder die wedergeboorte deur die Gees, en geloof in Christus, kan ’n mens nie vir God as Vader ken nie. Slegs dié wat in Christus is – dié wat in die Here glo – word kinders van God. En hulle mag Hom met reg “Vader” noem (Johannes 1:12-13; Galasiërs 4:6). Hierdie kindskap is dus ’n gawe van genade, nie ’n algemene menslike eienskap nie.

## Christus bring ons in die Vaderhuis in

Die wonder van die evangelie is dat God self, in sy oneindige liefde, na ons toe gekom het. 1 Johannes 3:1 roep dit uit met verwondering:
*“KYK wat ’n groot liefde die Vader aan ons bewys het, dat ons kinders van God genoem kan word!”*
Hierdie vaderskap is dus nie natuurlik nie, maar bonatuurlik. Dit is iets wat God aan ons geskenk het in die Here Jesus Christus.
Die Heidelbergse Kategismus verwoord dit in Sondag 46 só: “Waarom het Christus ons beveel om God met die naam Vader aan te spreek? Om reeds aan die begin van ons gebed in ons harte die kinderlike vrees en vertroue teenoor God te wek …”

Deur Christus, en slégs deur Hom, word sondaars kinders van God. Johannes 1:12 bevestig dit:
*“Maar almal wat Hom aangeneem het, aan hulle het Hy mag gegee om kinders van God te word, aan hulle wat in sy Naam glo.”*
Die Here Jesus leer ons om in die gebed God aan te spreek as “Ons Vader wat in die hemel is.” Dit beteken dat Christus ons leer om met vrymoedigheid, maar ook met ontsag, tot God te nader as ons liefdevolle Vader.

## Kindskap bring sekerheid, troos en gehoorsaamheid

Wanneer ons God as Vader leer ken, verander dit alles. Dit bring 'n nuwe identiteit. Ons is nie meer vreemdelinge nie, maar eerder huisgenote van God. Dit bring troos in lyding, want ons weet Hy is in beheer en sy Vaderhart is goed. En dit bring gehoorsaamheid want kinders wil hulle Vader behaag.

Die ware kind van God wil nie meer in die wêreld se plesier en selfbelang leef nie, maar in dankbare diens aan die Vader. Om God as Vader te ken is nie jou reg as mens nie, maar 'n genadegawe in Christus, bevestig deur die Gees. Dit is 'n hemelse werklikheid wat in die hart van die gelowige wortel skiet en hom dryf tot lof, gebed, gehoorsaamheid en diepe troos. In Christus sê God:
*Ek sal julle Vader wees, en julle sal My seuns en dogters wees.- 2 Korintiërs 6:18*

Geskryf deur Alistair van Heerden : Gepubliseer in kruispad Junie 2025 weergawe




NWU
NWU-KOOR
o.l.v KOBUS VENTER
NORTH-WEST UNIVERSITY
CHOIR / KOOR / KWAERE
NOORDWES-UNIVERSITEIT
BELLVILLE KONSERT
19:30
30 SEPTEMBER 2026
VIVOX
VOICES
o.l.v MARIA RADEMAN-VIVIERS
KOM EN DEEL IN DIE ERVARING!
GEREFORMEERDE KERK
BELLVILLE-OOS - 4 CHERRY ST,
BELAIR, CAPE TOWN, 7530
nwu puk-koor
@nwupukchoir
R100 VOLWASSENES
R50 KINDERS (ONDER 18 JAAR)
KAARTJIES VERKOOP BY DEURE









*In die voetspore van Paulus*

# GRIEKELAND

## 13 - 24 OKT 2027

saam met
Ds. Reynold Fourie en Dr Johan Erasmus

**R45 900 (Jhb)**
**R46 900 (CT)**



**Sluit in:**

- ¾ ster verblyf
- ontbyte
- vlugte
- landvervoer
- ingangsfooie



**Uitgesluit:**

- reisversekering,
- visum
- ander maaltye

'n Deposito van R20 000 voor einde Feb, bevestig jou plek



**Vir meer inligting kontak:**

LORAINE: 0731623748








# GKBO-Inligting

**Eredienstye:** (Somer) 09:00 & 18:00 (Sep – Apr) ***(Winter) 09:30 & 18:00 (Mei – Aug)***
***English Service: 16:30***
**Kerkkantoor:** 08:30 – 14:00
admin@gkbo.org.za ☎ 082 712 4629
kassier@gkbo.org.za ☎ 083 659 1301

| | | |
|---|---|---|
| **Ds.** Brahm Robinson | brahmrobinson@gmail.com | ☎ 064 656 1374 |
| **Ds.** Jaco Linde | lindejaco@gmail.com | ☎ 062 552 5492 |
| **Ds.** Reynold Fourie | fouriereynold@gmail.com | ☎ 084 707 6276 |
| **Ds.** Reinder Kingma | reinderkingma@gmail.com | ☎ 084 827 2443 |
| **Skriba:** Hessel Dijkstra | skriba@gkbo.org.za | ☎ 082 785 5193 |
| **Koster:** Elfriede Coetzee | koster@gkbo.org.za | ☎ 083 6369 840 |

**Bankbesonderhede : GK Bellville Oos : ABSA : 1450 340 029 : Takkode 632005**
Bydraes kan ook per debietorder of Zapper betaal word. Skakel met die kassier of die kerkkantoor vir 'n Bydraevorm
**Besoek ons webwerf by www.gkbo.org**